COMPAK EN SPORTING-HAELGEWEERSKIETOEFENING

Takke wat gereeld en by voorkeur vol Compak en/of vol Sporting bane skiet (25 kleie per rondte), mag hul tellings vir hierdie oefeninge onder handtekening van die voorsitter van die tak instuur en sal voldoen aan die vereistes vir die SAJWV Compak / Sporting Kleiteikenskietbalkie en –sertifikaat ooreenkomstig die toekenning van kleure soos in die gedeelte oor "Kleure (balkies)" aangedui.

Die oefening moet verkieslik met haelgewere wat twee skote na mekaar kan afvuur, voltooi word, waar 'n enkelskoot haelgeweer gebruik word, vergewis die skut homself daarvan dat hy/sy beperk word tot die enkele skoot en onder geen omstandighede toegelaat sal word om te herlaai in 'n poging om die klei wat gemis is of die 2de van die dubbelkleie to probeer skiet nie. Dus aanvaar die skut, wat 'n enkelskoot haelgeweer gebruik, dat hy/sy slegs een skoot per klei mag skiet en outomaties die tweede klei op dubbelkleie sal verbeur.

Die opstel van bane in hierdie gevalle word deur die baanoffisier by die spesifieke baan waar die skiet plaasvind, bepaal.

Gewere se aksies moet by die ruil van skietpunte oop wees met geen patrone in die kamers nie.